



AEGUAM SERARE MENTEM

SASTRI KOLLEGE
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
NOVEMBER-EKSAMEN 2018
GRAAD 8
VRAESTEL 1

EKSAMINATRISSE : A.B.B. MULLAH

PUNTE: 50

MODERATRISSE : P. GOVENDER

TYDSDUUR: 1 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS :

AFDELING A : Begripstoets (VRAAG 1) - 20

AFDELING B : Taal (VRAAG 2) - 30

2. Beantwoord al die vrae.

3. Voer die instruksies wat aan die begin van elke afdeling gegee word, noukeurig uit.

4. Nommer jou antwoorde soos die vrae in die vraestel genummer is.

5. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

6. Dink voor jy skryf.

7. Skryf netjies en leesbaar.


8. Beplan jou tyd.

AFDELING A : BEGRIPSTOETS

TEKS A : VRAAG 1

Lees die onderstaande stuk noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

WALT DISNEY



Walt Disney was 'n arm jong man. Hy het in Kansas City gewoon en wou graag tekenaar word. Eendag het hy na die "Kansas City Star" gegaan om daar te werk, maar die redakteur van die koerant het nie van sy tekeninge gehou nie. Hy het aan Disney gesê dat hy nie talent gehad het nie. Hy kan maar loop en Disney het moedeloos weggestap.

Disney het nog tekenwerk gedoen, maar hy het geen ateljee gehad nie. Toe het hy maar in sy vader se motorhuis gewerk. Eendag het hy daar 'n oulike muisie gesien. Hy het hom 'n paar krummels gegee. Die muisie het naderhand baie mak geword, en het op Disney se tekenbord begin speel.

'n Hele tyd later het Walt Disney eendag in 'n losieshuis gesit. Hy het idees gesoek om nuwe sketse te maak. Toe het die idee van die ou muisie hom te binne geskiet. Hy het dadelik begin teken, en so het sy Mickey Mouse-prente ontstaan wat vir hom duisende rande in die sak gebring het. Hy was gou skatryk en beroemd.

VRAE

- 1.1. Waar het Disney gewoon? (1)
- 1.2. Haal drie agtereenvolgende woorde aan wat bewys dat Walt Disney in sy jong dae nie 'n ryk man was nie. (1)
- 1.3. Wat wou hy word? (1)
- 1.4. Wat het die redakteur van sy tekening gesê? (2)
- 1.5.1. Noem die plek waar hy eers wou werk? (1)
- 1.5.2. Waar het hy later sy tekenwerk gedoen? (1)
- 1.6.1. Watter diertjie het hy gesien? (1)
- 1.6.2. Watter een woord sê vir jou dat die diertjie nie wild was nie? (1)
- 1.7. Hoe het Walt Disney beroemd geword? (2)
- 1.8. Sê of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is en motiveer jou antwoord uit die leesstuk.
- 1.8.1. Die muisie het op Disney se koerant gespeel. (2)
- 1.8.2. Die Mickey Mouse prente het geen geld vir hom gebring nie. (2)

[15]

TEKS B

1.9. Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

AANDAG: Aantreklike aanbod vir tweedehandse klere.
Mans, dames en kinders se klere, asook gordyne en meubels.
Skakel (012) 26 7507 na ure (012) 74 29421.
ONS KOM HAAL.



depositphotos
Image ID: 215803096 www.depositphotos.com

1.9.1. Watter woord sê vir ons die klere is nie nuut nie? (1)

1.9.2. Watter nommer sal jy na ure skakel? (1)

1.9.3. Waarvoor staan hierdie simbool (%) ? (1)

1.9.4. Noem die mense vir wie die klere is. (1)

1.9.5. Kies die korrekte antwoord:

“Aantreklike aanbod” beteken :

a) goeie aanbod b) slegte aanbod c) lelike aanbod (1)


(5)

AFDELING A : (15 + 5 = 20)

AFDELING B : KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 2

Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord dan die vrae wat volg.



2. Voltooi die volgende sinne soos aangedui.

2.1. (Skryf oor in die Verlede Tyd)

2.1.1. Gerhard en Simone eet by die "Taste" restaurant. (1)

2.1.2. Die hamburger en skyfies is baie smaaklik. (1)

2.2. (Skryf oor in die Toekomende Tyd)

2.2.1. Ons familie eet in die restaurant. (1)

2.3. (Skryf oor in die Infinitief)

2.3.1. Hulle roep die kelner (hulle bestelling neem). (1)

2.4. Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.

2.4.1. Gerhard is baie honger. Hy gaan 'n groot hamburger bestel. (dus) (1)

2.4.2. Simone wil sjokolade bruismelk drink. Gerhard wil ystee drink. (maar) (1)

2.4.3. Hulle het die kelnerin 'n groot footjie gegee. Sy het hulle goed bedien. (omdat) (1)

2.5. (Skryf oor in die Ontkennende Vorm)

2.5.1. Ek het al by "Taste" restaurant geëet. (1)

2.5.2. Daar is iets op die tafel. (1)

2.6. (Rangskik die woorde in hakies in die korrekte volgorde om sin te maak)
(Tyd, Wyse, Plek)

2.6.1. Die gesin eet (by die huis; in stilte; daagliks). (1)

- 2.7. (Skryf oor in die Indirekte Rede)
 2.7.1. Gerhard sê: "Ek geniet die hamburger." (2)
- 2.8. (Skryf oor in die Lydende Vorm)
 2.8.1. Pa het 'n groot footjie gegee.
 'n Groot footjie (1)
- 2.9. (Skryf oor in die Teenwoordige Tyd)
 2.9.1. Die sjef het vars kos in die kombuis gekook. (1)
- 2.10. (Verander die sin na 'n vraagsin.)
 2.10.1. Die drankies kos baie geld. (1)
- 2.11. (Skryf oor in die Ontkennende Vorm. Begin met **Moenie**, ...)
 2.11.1. Bestel die kos! (1)
- 2.12. (Begin met die onderstreepte woord)
 2.12.1. Daar is baie mense in die restaurant. (1)

[17]

2.13. Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies. Skryf elke keer net die nommer en die antwoord neer.

- 2.13.1. (Gee die meervoud) (1)
 Al die (restaurant) is baie besig.
- 2.13.2. (Gee die verkleinwoord) (1)
 Hulle kyk eers na die (spyskaart) voor hulle bestel.
- 2.13.3. (Gee die intensiewe vorm) (1)
 Die restaurant verkoop (baie koud) drankies.
- 2.13.4. (Gee die korrekte vorm) (1)
 Dit is 'n (pragtig) restaurant.
- 2.13.5. (Vul in die Voorsetsel) (1)
 Die sout en peper staan alreeds _____ die tafel.
- 2.13.6. (Gee die sinoniem) (1)
 Dit gesin is (gelukkig) met die diens.
- 2.13.7. (Gee die samestelling) (1)
 Die (tafel + doek) was baie pragtig.

2.14. Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

- 2.14.1. Ek (weet; ken) die eienaar van die "Taste" restaurant. (1)
- 2.14.2. Die prys van warm sjokolade is (viertien; veertien) rand. (1)

2.14.3. Die plaasontbyt is die (heerlike; heerlikste) maaltyd op die spyskaart. (1)

2.14.4. Die restaurant maak oop om (sewe-uur; sewe uur). (1)

2.15. Skryf die volgende afkorting voluit.

2.15.1. Die nagereg is op (bl.) vyftien van die spyskaart. (1)

2.16. Vul die oop spasies in met die korrekte antwoord.

2.16.1. Gerhard het met _____ tweeling Simone by die restaurant gaan eet. (1)

(13)

AFDELING B : 30

GROOTTOTAAL : 50

ALLES VANDIE BESTE!!!

